**Preekblaadjie vir Sondag, 2 Augustus 2026**



Drie Sondae Reeks: "Die heel beste weg" (1 Korintiërs 13)

Teks: 1 Korintiërs 13:4-7

Tema: Liefde lyk soos Jesus!

Hier beskryf Paulus liefde met vyftien werkwoorde. Die liefde waaroor dit hier gaan, is nie ‘n gevoel of emosie nie. Die liefde wat hier ter sprake is, is ‘n lewenstyl volgens die bladmusiek van die lewe wat in die hemel gekomponeer is. Dis nie iets wat ‘n mens “het” of sommer net “vanself en uit onsself kom” nie. Dis ‘n lewenstyl en lewenshouding teenoor alle mense waarvoor jy bewustelik moet kies, soos jy ‘n musiekstuk uitkies, en wat jy dan jou lewe lank moet inoefen soos jy dit vir ‘n konsert instudeer.

Die bladmusiek van die liefde onder begeleiding van die hemelse Dirigent is aan die een kant heel eenvoudig – sewe mate – maar aan die ander kant so ingewikkeld dat jy jou lewe lank daaraan moet oefen.

**1. Om lief te hê beteken om geduldig te wees en om te gee (vriendelik te wees)**

Geduldig met ander se gebreke en foute. Dit verg ‘n wilsbesluit en inspanning. “Vriendelikheid kos niks”. Dit verg egter ‘n ingesteldheid en fyn aanvoeling van wat ‘n ander nodig het en hoe jy daad-werklik kan omgee – ook teenoor diegene tot wie jy nie van nature aangetrokke is nie. As jy dit nie doen nie, sal jou instrument in die Here se liefdes-orkes ‘n vals noot speel.

**2. Om lief te hê, beteken om goeie dinge aan ‘n ander mens te gun en nie te spog of hoogmoedig te wees nie.**

In ‘n wêreld vol kompetisie en mededinging is dit nie so maklik om ander te gun wat hulle bereik of kry nie. Die bevordering van ‘n kollega van harte te gun, veral as jy gedink het die pos kom jou toe. Die eerbewys wat jy ontvang het, maak jou nie hoogmoedig en vol grootheidswaan nie. Hierdie maat van die liefdesimfonie werk in téén die grein van ons natuurlike behoefte aan selferkenning.

**3. Om lief te hê, beteken om bedagsaam en respekvol op te tree en nie net aan jouself te dink nie.**

Liefde dink altyd aan ander wanneer jy ‘n besluit neem of wanneer jy jou mening lug. Liefde leef nie selfgesentreerd nie.

**4. Liefde word nie gou kwaad nie.**

Die liefde vererg haar nie vir enige “speldeprikkie” nie. Liefde verdedig nie met selfregverdiging en verklaar nooit met die woorde “Hy/sy het daarna gesoek!” nie.

**5. Liefde hou nie boek van die verkeerde wat ander aan hulle doen nie en vergewe haastig.**

Hou nie boek van die kwaad nie.  Liefde skryf skuld af net soos Christus ons skuld afgeskryf het.  Liefde grawe nie ou koeie uit die sloot uit nie.  Liefde bly nie verwyt nie. Sê nooit: “Daar sê jy dit al wéér!” Of: “Jy doen dit altyd!”

**6. Liefde is nooit oor verkeerde goed bly nie en die waarheid is alles.**

Liefde verg verdraagsame eerlikheid en openhartigheid. Liefde sê “Nee!” vir stilstuipe as iets jou hinder of pla.  Liefde praat dit uit!

**7. Liefde kan stilbly oor foute, die beste van ‘n ander verwag en ken nie ophou nie, maar volhard.**

Verdra.  Glo.  Hoop.  Volhard.  'n Oupa besoek elke dag sy vrou met Alzheimer in ‘n versorgingsoord.  Iemand vra die oom toe: "Maar sy herken jou lank al nie meer nie."  Hy Antwoord na ‘n oomblik van stilte:  "Ja, maar ek weet nog wie sy is."   Dis liefde.

**Besprekingsvrae**

1. Watter beskrywing van liefde in verse 4-7 tref jou die diepste?
2. Met wie moet jy hierdie week meer geduldig wees?
3. Is daar iemand teen wie jy nog "boek hou"?
4. Hoe kan liefde by die huis en werk meer sigbaar word?
5. Watter praktiese daad van liefde wil jy hierdie week doen?